VOORLOPIGE LIKWIDASIE

"X"
[signature] 26.1.11

**IN DIE HOë HOF VAN SUID-AFRIKA**
**(WES-KAAP HOë HOF, KAAPSTAD)**

Kaapstad: Woensdag, 26 Januarie 2011
Voor Haar Edele Waarnemende Regter Cloete

Saaknommer: **1121/11**

In die saak tussen:

**CATHERINE JORDAAN** Applikant

en

**REALE DAY SPA AND WELLNESS CENTRE BK** Respondent
[Reg. Nr. 2008/249393/23]
Geregistreerde adres Parc Du Links, North Tower, Niblickweg 7, SOMERSET-WES Wes-Kaap Provinsie

---

**BEVEL**

---

Na deurlees van die stukke en na aanhoor van die advokaat namens Applikant, **word gelas dat:**

1. Respondent onder voorlopige likwidasie geplaas word in die hande van die Meester van die Hoë Hof van Suid-Afrika (Wes-Kaap Hoë Hof, Kaapstad);

2. 'n bevel nisi uitgereik word waarkragtens Respondent, en/of alle belanghebbende partye opgeroep word om op **Woensdag, 2 Maart 2011** om **10h00**, of so spoedig moontlik daarna as wat Applikant se advokaat

aangehoor kan word, in bogemelde Agbare Hof redes aan te voer (indien enige) waarom 'n bevel in die volgende terme nie toegestaan moet word nie:

2.1 dat Respondent onder finale likwidasie geplaas word;

2.2 dat die koste van hierdie aansoek in Respondent se likwidasie sal wees.

3. 'n afskrif van hierdie bevel beteken word:

3.1 op die geregistreerde adres van Respondent deur die Balju van bogemelde Agbare Hof;

3.2 op die skuldeisers van Respondent by wyse van een publikasie daarvan in die "Cape Times" en "Die Burger" dagblaaie;

3.3 op die kantoor van die Ontvanger van Inkomste deur die Balju van bogemelde Agbare Hof;

3.4 op alle skuldeisers van Respondent met eise van meer as R 5 000,00 per voorafbetaalde geregistreerde pos;

3.5 op Respondent se werknemers (indien enige) deur die Balju van bogemelde Agbare Hof deur aanhegting daarvan by die hoofingang van Respondent se vernaamste plek van besigheid.

**OP LAS VAN DIE HOF**

______________________

**HOFGRIFFIER**

Louw Inc.
p/a 135 VanderSpuy
KAAPSTAD

/avz

WESTERN CAPE HIGH COURT
THIRD DIVISION
2011 -01- 28
CAPE TOWN/KAAPSTAD
WES-KAAP HOË HOF